Tema: Ons dra vrugte vir God wanneer ons ons deur die Heilige Gees laat lei!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps 150 - 1: 1, 2, 3
Ps 148 - 1: 1, 2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb 7 - 2: 1, 2
Votum
Seën
Loflied Ps 115 - 1: 1, 7, 8
Geloofsbelydenis: Dele uit Nederlandse Geloofsbelydenis, art 24

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Matteus 5: 3 - 12
Sing Ps 51 - 2: 3, 4
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Johannes 15: 1 - 6
Johannes 16: 5 - 7
Galasiërs 5: 16 - 25.
Teksverse: Galasiërs 5: 24 en 25
Sing Sb 8 - 1: 1, 2 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing Ps 92 - 2: 5
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons het verlede Sondag uit Johannes 15 gehoor dat ons die lote aan die wingerdstok Jesus Christus is. Jesus is die bron van die nuwe lewe en Hy het ons deur geloof deel gemaak van hierdie nuwe lewe – ons is die lote in Hom! Ons Here Jesus het ons opdrag gegee dat ons in Hom moet bly sodat ons baie vrug vir God kan dra. Jesus het beklemtoon dat ons alleen deur Hom vrug kan dra en dat ons sonder Hom niks kan doen nie.

In dieselfde gesprek verwys Jesus egter na sy Hemelvaart, dat Hy weggaan! Onmiddellik was die dissipels ontsteld want hoe sou hulle dan nou "in Hom kan bly" as Hy weggaan? Hoe sal hulle kan doen wat Hy hulle beveel het om te doen?

Maar dan kom die belofte: Jesus sal die Heilige Gees stuur om in hulle en ons te bly. Die heerlike belofte met die koms van die Heilige Gees (Pinksterdag ) is dat die Heilige Gees hierdie vrug wat ons moet dra, in ons sal bewerk.

Brs en srs: net soos wat Jesus die enigste Een wat ons kon red van ons sonde deur vir ons aan die kruis te sterf en so vir ons sonde te betaal en aan ons 'n nuwe lewe te gee, net so is God die Heilige Gees die enigste Een wat hierdie nuwe lewe in ons kan werk! Christus is ons Saligmaker en die Heilige Gees is ons Heiligmaker!

Dit is die wonderlike goeie nuus wat ons vandag weer mag hoor! Die Heilige Gees is aan ons geskenk om ons heilig te laat lewe! Hy werk van binne, verander en vernuwe ons harte en denke volgens die nuwe lewe wat Jesus vir ons gegee het sodat ons hierdie heerlike vrug vir God kan dra. Daarom praat Paulus in Galasiërs 5 : 22 van die "vrug van die Gees" – daardie nege kenmerke in vers 22 is die vrug, die genadewerk van die Heilige Gees in ons wat ons elke dag moet vertoon. Dié vrug wat ons dra omdat ons ons deur die Heilige Gees laat lei.

Maar – voordat ons in die volgende weke in ons prediking na elkeen van hierdie negevoudige vrug van die Gees gaan kyk en wat dit beteken, kom ons maak eers seker dat ons weet en verstaan hoe dit gebeur dat ons vrugte kan dra!

| |
|---|
| En daarom sê die Here vanoggend vir ons in Galasiërs 5 dat ons alleen vir Hom vrugte kan dra wanneer ons ons deur die Heilige Gees laat lei! |

Alleen wanneer ons die Heilige Gees volg en elke dag met Hom leef sal daar vrugte in ons lewe wees wat God kan verheerlik!

Geliefdes, die vrug wat ek vir God lewer word bepaal deur wie my lewe beheer! Onmiddellik sal 'n mens hierop wil antwoord deur te sê dat ons mos aan Jesus Christus behoort! Hy is die Wingerdstok en ons is die lote aan Hom! Hy beheer ons lewe! En inderdaad is die waar! Christus het ons met sy verlossingswerk gered van 'n lewe wat

deur sonde beheers word en wat uitloop op die dood! Hy het ons inderdaad op ’n nuwe pad geplaas van ’n lewe wat nie meer die sonde beheers word nie, maar ’n lewe wat deur Hom as ons Here en Verlosser beheers word.

Dit is waarom Paulus in vers 24 sê dat almal wat aan Christus behoort, hulle sondige natuur met sy sondige begeertes gekruisig het!
Maar ons moet mooi verstaan wat Paulus hiermee bedoel! Hy bedoel dat ons lewe nie meer deur ons sondige natuur beheers word nie, maar dit beteken nie dat ons sondige natuur dood is nie! As gevolg van die sondeval, lewe die sondige natuur nog wel nog in ons – al is ons in Christus gered!

Dus: ons sondige natuur het nou nie meer die finale sê oor ons hart en gedagtes en dade soos in ongelowige mense nie! Christus het ons bevry van die heerskappy van ons sondige natuur maar dit is wel nog aktief in ons lewe! En dit is hierdie sondige natuur wat die vrugte wat ons vir God moet dra, in ons lewe inhibeer! Ons sondige natuur wil ons nog altyd weer terug sleep na ’n lewe oorgegee aan die sonde!

En dit is waarom die Here ons hier oproep om teen die sondige natuur in ons te stry! Kyk weer na vers 17: “Wat ons sondige natuur begeer is in stryd met wat die Gees wil en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer”. Die wonderlike genade van Christus se oorwinning aan die kruis beteken dat ek kan weet: ek kan ook my sondige natuur oorwin! Ek hoef nie toe te laat dat hy my gevange hou nie! Hoekom nie? Want die oorwinning van Christus aan die kruis, sy opstanding uit die dood en sy Hemelvaart hou ook in dat Hy die Heilige Gees aan my gegee het sodat ek in sy krag die oorwinning oor my sondige natuur kan behaal! Dit is juis die doel van die stryd! Dat ons ons sondige natuur oorwin en meer en meer soos Christus word – en dit is waartoe die Heilige Gees in ons kom woon het! Dat ons hierdie oorwinning kan behaal!

Dit is wat ons met Pinksterfees gaan vier!
Dit is die heerlike, goeie nuus vir ons wat elke dag in hierdie stryd gewikkel is! Die Here Jesus het nie net die nuwe lewe vir my verwerf nie, die Heilige Gees maak dit vir my moontlik om hierdie nuwe lewe te leef! ’n Lewe waarin ek my sondige begeertes kan oorwin en waarmee ek vrugte vir God kan dra!

Ek kan dit nie self doen nie, net so min as wat ek myself kon red van die oordeel van God oor my sondes, net so min kan ek my sondige natuur op my eie oorwin! Die Heilige Gees kom doen dit in my! Hy is my Heiligmaker! Dis sy werk om my op die pad van die nuwe lewe te lei en ek moet Hom volg! Dan alleen kan ek vrugte vir God dra!

Op grond van die werk van die Heilige Gees kom die dringende drievoudige oproep van die Here hier: Leef deur die Gees – vers 16, laat die Gees jou lei – vers 18 en leef in pas met die Gees – vers 25.

Die Here Jesus het ons nie alleen gelaat om nou die nuwe lewe vir Hom te leef – wetend dat ons nog teen ons sondige natuur moet stry nie! Hy gee God, die Heilige Gees, as ons Gids, ons Trooster, ons gewete, die goddelike krag waarmee ons die oorwinning oor ons sondige natuur kan behaal en waardeur ons vrugte vir God kan dra!

Maar geliefdes, ons is nie passiewe ontvangers van die Heilige Gees wat nou maar net kan terugsit en wag dat die Heilige Gees op een of ander bonatuurlike wyse iets in my moet doen sodat ek heilig kan lewe en vrugte kan dra nie! Ek moet aktief meewerk aan my heiligmaking! Net soos die verlossing in Christus in geloof moet vasgryp – net so moet ek aan die Gees van die Here vasgryp om my te lei!

John MacArthur verduidelik dit so: ’n mens kan die werk van die Heilige Gees in die lewe van ’n gelowige vergelyk met iemand wat vrugte aan ’n boom pluk: Die Heilige Gees is die een wat op die leer staan en die vrugte bo aan die boom pluk en dit afgooi aan n helper wat onder die boom met ’n mandjie staan. Die vrugte kan net in die mandjie val as die helper sorg dat hy onder die Gees bly en die vrugte in sy mandjie vang!

Daarom die drievoudige oproep in hierdie gedeelte:
Die eerste oproep: Vers 16: leef deur die Gees! In Grieks staan daar: wandel met die Gees! Dit dui op die gelowige wat aktief elke dag sorg dat hy of sy die Gees volg! Dat ons doelbewus ingestel is om te doen wat die Gees ons in die Woord leer? Dat ons bid om vervulling met die Gees en dat ons bid dat om gehoorsaamheid aan die Gees. Ons hoef nie te bid dat die Heilige Gees ons lei nie! Dit doen Hy reeds, dit is sy werk – ons moet bid om Hom getrou te kan volg!

Br en sr, Is ek en jy so ingestel in ons daaglikse lewe? Is dit ’n doelbewuste aksie wat jy elke dag doen om vir jouself te sê: ek moet vandag nie na my sondige natuur luister nie, maar na wat die Heilige Gees vir my sê! Dat ek my sondige begeertes doelbewus afwys en teenstaan sodat ek die Gees kan volg? Paulus sê immers in vers 16: as ek so met die Gees wandel dan sal ek nie my sondige begeertes wil uitvoer nie! Dis hoe ek oor hulle oorwin!

Wanneer my sondige begeertes iets in my wakker maak, dat ek dadelik daarteen sal veg en vra dat die Gees my sal help om daarteen te veg en te dink en te doen wat God my Vader wil hê!

Vers 18 – die tweede oproep: laat jou deur die Gees lei! Hier gaan dit om die doelbewuste keuse tussen jou sondige natuur en die Heilige Gees! Om vrugte vir God te dra is ’n keuse wat jy uitoefen – na wie luister jy? Wie is in beheer van jou lewe? Die Heilige Gees of jy met jou sondige natuur?

Dis so maklik om maar net oor te gee aan ons sondige begeertes – dis altyd die weg van die minste weerstand om maar oor te gee aan wat ek wil doen! Ons kan ook so maklik sondige gedagtes en gewoontes koester en dit vertroetel asof dit maar kan deel wees van my lewe as gelowige! Ons redenaar so maklik: ag ek is nou nie volmaak nie, ek is maar ’n sondige mens en daarom kan ek my maar oorgee aan een of ander plesier of versoeking! Dis mos nie so erg nie!

Die sondige wêreld waarin ons lewe en die kultuur van menswees maak dat ons baie sondige dinge – wat God aanstoot gee - eintlik maar as deel van ons lewe as gelowiges maak. Paulus noem in verse 19 – 21 ’n hele lys van sulke begeertes van die sondige natuur waaraan ons kan toegee. ’n Mens kan wat hy noem in drie groepe verdeel:
Die eerste groep handel oor seksuele begeertes en versoeking, die tweede oor afgodsdienstige begeertes of versoeking en die derde oor sondige begeertes wat menseverhoudinge vernietig!

Brs en srs, kom ek en jy kyk ernstig na ons eie lewe of van hierdie dinge nie ook maar ons lewe beheers nie! Noem maar op: seksuele onreinheid deur waaraan ons onsself blootstel, afgodery deur verkeerde dinge in die lewe na te jaag, jaloesie, rusies, tweespalt, drankmisbruik, lastering van God se Naam! ’n Hele klomp begeertes waaraan ons op ‘aanvaarbare maniere” toegee!

Of ’n leefstyl van eet en drink en plesier sonder dat ons alles aan God – ook ons liggame – aan Hom onderwerp! ’n Fokus net op ons eie belang, sonder diensbaarheid aan God of aan mekaar! Dit word sommer gou-gou en maklik as deel van die Christelike lewe gesien!

Nee, wie die Heilige Gees se leiding soek, leef nie so nie! Hy of sy is ernstig om te breek met die sonde! Om nie toe te gee aan sondige begeertes nie en om die Here in alles gehoorsaam te wees! So ’n gelowige maak erns om sy of haar lewe presies in te rig soos God te wil en nie maar middelmatig Christelike te lewe nie!

Wie die Heilige Gees wil volg – soos vers 25 dit in die derde plek stel: om in pas met die Gees te lewe, lewe nie met kompromieë met die sondige natuur nie! So ’n gelowige besef baie goed watter prys Jesus betaal het om hom of haar te red en ons deel van die nuwe lewe in Hom te maak! Hy of sy gaan nie goedkoop om met vergifnis en genade – so asof ek maar kan sondig – want God gaan my mos vergewe nie!

Hoe weet ek watter “pas” gee die Heilige Gees aan? Ek leer dit in God se Woord! Wie in pas met die Gees leef, maak regtig erns met God se Woord! Want ek wil weet wat is reg en wat is verkeerd! Ek wil weet hoe kan ek die regte doen! Ek wil my verdiep in die wil van God sodat ek vrugte vir God kan dra! Dit is soos Psalm 1 dit beskryf dat die gelowige soos ’n boom is wat by die waterstroom van die Woord geplant is en heeljaar vrugte dra!

Wie in pas met die Gees wil lewe – maak erns met sy of haar gebedslewe! Dis mos daar waar God deur sy Gees met my praat en ek met God kan praat! Dis daar waar ek my worstelinge, my mislukkings, my gebreke en my sonde kan bely en waar ek vergifnis vind! My gebed is wyse waarop die Heilige Gees my met God se beloftes versterk en vertroos en my krag gee!

Br en sr, om in pas met die Gees te lewe dui baie sterk op dissipline en wilskrag en toewyding! As ek uit pas is, moet ek terug in pas kom! As ek buite die lyne van God se wil lewe, moet ek met erns en toewyding my bekeer en terugkeer binne die lyne van God se wil!

Br en sr, openbaar my en jou lewe in pas met die Gees regtig nog hierdie dissipline, erns en toewyding – of lewe ons maar so effens in pas en dink dit is aanvaarbaar om so af en toe maar uit pas te gaan? Wie so leef, kan nie die vrug van die Gees dra nie!

Maar, geliefdes, wie vasgryp aan die genade van God, die Heilige Gees, wat in ons woon en ons wil leer en lei, wie sy of haar lewe deur die Gees laat beheers, hy of sy sal vrugte vir God kan dra! Oorvloedige vrugte van die Gees! Sy of haar mandjie sal vol wees!

Ons Here Jesus het in Lukas 6 gesê dat jy dit in hulle lewe sal sien want ŉ boom word aan sy vrugte geken! Aan ons vrugte sal hulle ons herken as lote aan die Wingerdstok! Of dalk nie.....dalk is ons mandjies leeg en ons besef dit nie eens nie!

Br en sr en liewe kinders
Wat sien die mense in jou lewe? Wie sien hulle is in beheer van jou lewe? Sien hulle die vrug van die Gees? Of die vrug van jou vlees – jou sondige natuur?

Amen